# ANKER NUUS

My anchor of hope • Insika yami yethemba • My anker van hoop • Tshiya ya tshepo yaka

## IN DIE UITGAWE


Glimlag deur die trauma 2

Gradeplegtigheid 2

Vaardigheids-opleiding het my lewe verander 3

Onthou julle nog vir Baba Lunathi? 3

Dankie vir die geleentheid om my drome te bewaarheid 4


# 'N JAAR IN OORSIG

Die eerste ding wat by my opgekom het toe ek gevra is om die afgelope boekjaar in oënskou te neem, is die feit dat Abraham Kriel Bambanani sy roeping kon uitleef om kinders en jongmense wat sorg nodig het te beskerm, te versorg en te ontwikkel. Dit is werklik 'n voorreg om te kan dien, ten spyte van uitdagings en onsekerhede.

Ja, die finansiële jaar 2023/24 is gekenmerk deur 'n voortdurende toutrekkery tussen nie-winsgewende organisasies (NWOs) wat dienste verskaf aan die behoeftigstes in ons samelewing en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in Gauteng.

En ja, daardie stryd woed steeds voort. In wese het die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling 'n beleid aanvaar en geïnisieer waardeur hy sy finansiële bydrae tot NWOs verminder met die doel om minder afhanklik te wees van dienste wat deur die NWO-sektor verskaf word. Die NWO-sektor is oortuig dat hierdie beleid gemotiveer word deur politieke ambisies na totale beheer en mag oor finansiële hulpbronne in die Gauteng Provinsie.



In sy strewe om die volhoubaarheid van Abraham Kriel Bambanani te verbeter, werk die organisasie voortdurend aan die diversifikasie van die inkomstestrome om minder afhanklik te wees van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, wat ongeveer dertig persent van ons inkomste finansier. 'n Belangrike element van ons gediversifiseerde inkomstestrome is inkomste wat gegenereer word deur akkommodasie aan universiteitstudente te verskaf.

Die befondsing vir studenteverblyf word deur universiteite en die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS) geadministreer. Ongelukkig het die afgelope drie jaar aansienlike onstabiliteit in die toekenning en verspreiding van hierdie befondsing gesien, wat 'n ernstige impak op die inkomste van Abraham Kriel Bambanani gehad het.

In dit alles is ons baie dankbaar vir die volgehoue ondersteuning van ons donateurs. In sommige gevalle het donateurs hul bydraes verhoog, wat ons in staat stel om ons diens voort te sit. Terwyl staatsbeheerde instellings ons die afgelope jaar in die steek gelaat het, het die donateursgemeenskap pligsgetrou opgeskerp. Ons salueer jou!

Ons pak die nuwe finansiële jaar met nuwe hoop aan, en met die wete dat God al vir byna 122 jaar deur gewillige mense en instansies in die behoeftes van ons organisasie en begunstigdes voorsien. Op Hom vertrou ons!

***Paul Momsen***



# GLIMLAG DEUR **DIE TRAUMA**

Mishandeling en verwaarlosing het verreikende gevolge vir 'n kind. Die trauma laat dikwels letsels wat hulle altyd sal bybly. Om deur mishandeling en verwaarlosing te leef en met die herstel proses te worstel is moeilik, maar om met 'n glimlag aan die anderkant uit te kom is merkwaardig. En dit is die storie van, tienjarige, Dana (skuilnaam).

Dana het erge seksuele mishandeling en verwaarlosing aan die hande van haar biologiese ouers ervaar. Gevolglik is sy uit hul sorg verwyder en in 2021 by die Abraham Kriel Bambanani Langlaagte-kampus opgeneem. Dana word beskryf as 'n baie energieke kind wat lief is om te speel, 'n sagte plekkie vir diere het en altyd glimlag. "Terapie speel 'n baie belangrike rol in ons kinders se helstelproses en dit kan soms 'n rukkie neem om die impak van terapie te meet of te sien. Dana en haar broers en susters het langtermynterapie nodig, maar ons is gewillig en vasbeslote om seker te maak dat hulle gesond word en bydraende lede van die samelewing word", sê Darlene Cigarmony – Assistent Bestuurder van die Langlaagte-kampus.



Terapie help Dana om haar trauma te verwerk en sy het al groot vordering gemaak. Dit is grootliks te danke aan haar positiewe uitkyk op die lewe. Sy doen allles met oorgawe en 'n groot glimlag. Ongelukkig het haar omstandighede veroorsaak dat haar skoolwerk agterweë gelaat is. Sy het BAIE akademie om in te haal. Dit is frustrerend om nie teen dieselfde pas as jou maats te kan leer en vorder nie. Dikwels lei dié frustrasie tot tranerigheid en neem Dana se mooi glimlag weg. Dana is gediagnoseer met aandagafleibare-hiperaktiwiteitsversteuring (ADHD) en benodig een-tot-een-onderrig. Indien jy deel wil wees van Dana se herstelproses en kan help met bystandsonderrig vir Dana en ander kinders, kontak ons asseblief: 011 839 3058 of info@abrahamkriel.org.

## **GRADEPLEGTIGHEID** – EMDENI VAARDIGHEIDSONTWIKKELINGS SENTRUM

Alhoewel ons nooit die omvang van ons studente se swaarkry en moeilike omstandighede ten volle sal verstaan en begryp nie, was daar net **GROOT GLIMLAGTE, GELUK en PRAGTIGE TROTSE** mense by die Emdeni-vaardigheidsontwikkelingsentrum se gradeplegtigheid te sien.

Hulle het nie net 'n sertifikaat en 'n vaardigheid bekom nie, maar sommige het ook reuse struikelblokke oorkom, wat onbekend was aan die gaste wat die pragtige funksie op 1 Maart 2024 bygewoon het.

Ons het die prestasie van 107 studente gevier. Hulle het ondermeer sertifikate verwerf vir die suksesvolle voltooiing van hul opleiding in die volgende kursusse, Landbou (7), Assistent Sjef (35), ICDL Rekenaaropleiding (51), Besigheidsadministrasie (8) en Teël- en Verfwerk (7). Baie geluk aan al die studente wat pligsgetrou opgedaag en ywerig geleer het, dissipline toegepas het en volhard het om hul kursus te voltooi.

Twintig van die gegradueerdes het daarin geslaag om 'n voltydse werk te kry nadat hulle hul kursus voltooi het en ander sal verder studeer of hul eie besighede begin. Ons is baie trots op julle en wens julle alles van die beste toe vir die toekoms.

Hierdie prestasies dien as motivering vir Abraham Kriel Bambanani om voort te gaan om die jeug (jong volwassenes) op te hef en 'n verskil in hul en dié van hulle families se lewens te maak.



**Skuilname word gebruik vir kinders jonger as 18 jaar.*

# VAARDIGHEIDSOPLEIDING **HET MY LEWE VERANDER**

Bongani was 'n jongman wat nie werklik gedrewe was om verder te studeer na matriek nie.  Na 'n paar mislukte pogings was hy gereed om finaal op te gee. 'n Facebook-plasing met 'n uitnodiging om aansoek te doen vir kursusse by die Emdeni Vaardigheidsontwikkelings Sentrum (ESDC), het sy belangstelling geprikkel. Hy het die sentrum die volgende dag besoek om aansoek te doen vir die Teël- en Verf-kursus.

Bongani het die omgewing en atmosfeer by die sentrum as "groen", positief en vriendelik beskryf. Gevul met hoop en moontlikhede.

"Ek het gevoel dat hierdie plek die begin van 'n goeie ding vir my was" - beskryf Bongani sy eerste dag by die sentrum.

"Terwyl ek die Teël- en Verf-kursus gedoen het, het ek besef dat ek my vaardighede kan verbeter deur vir die Internasionale Rekenaarbestuurslisensie-kursus (ICDL) in te skryf – wat 'n verrassing, want ek het geen belangstelling in rekenaars gehad nie. Ek het altyd rekenaars met vervelige kantoortake geassosieer. Sjoe,



het hierdie kursus my siening verander! Ek het dit terdeë geniet. Die fasiliteerder was geduldig en hy het ons so maklik deur kursusmateriaal geneem en dit alles verstaanbaar gemaak", voeg Bongani by.

In Augustus 2023 het Bongani as 'n Assistent koördineerder by die sentrum aangemeld. "Dit was aanvanklik uitdagend omdat ek geen werkservaring gehad het nie, maar met die hulp van die opleidingskoördineerder en die ander personeellede kon ek deur die uitdagings werk. Vandag is ek besig met my internskap by die Sentrum om ondervinding op te doen. Ek gaan nog groot dinge in die toekoms bereik. Dit begin alles deur net in jouself te glo en die regte keuses te maak. Abraham Kriel Bambanani het die ondersteuning en leiding gebied en die Emdeni Vaardigheidsontwikkelings Sentrum was die regte keuse vir my, sê Bongani.






## ONTHOU JULLE NOG VIR BABA LUNATHI?

Die ondergewig, ondervoede babaseuntjie wat weens verwaarlosing deur sy ouers by die Maria Kloppers kampus opgeneem is? Sy klein handjies en voetjies was rotkos en hy het uitgebreide arbeidsterapie en mediese sorg nodig gehad om hom te help genees (Lees sy storie hier).

Wel ... hy is twee jaar oud en vorder goed. "Lunathi het intensiewe arbeidsterapie nodig gehad om hom met sy ontwikkelingsmylpale te help. Hy was baie bang vir mense en dit het baie sessies en intervensies geverg om te kom waar hy vandag is. Hy is 'n borrelende peuter wat spontaan toenadering soek en hou van sing" – Pheli Baduza, Maria Kloppers-kampusbestuurder.

Lunathi ontvang sedert 2020 ten minste 2 sessies arbeidsterapie per maand. Hy is baie aktief en hardloop graag, maar ons sukkel nog met sy gewig. Hy weeg tans 9,6 kg en sy dieetkundige het vir ons 'n doelwit van 10kg gestel. Om hierdie doel te bereik, het ons hulp nodig met sy aanvullings. Indien jy kan help, kontak asseblief vir Pheli by 011 648 1394 of kb@abrahamkriel.org.




**Neem asseblief kennis! Die Suid Afrikaanse Inkomste Diens (SAID) vereis dat daar addisionele inligting op die artikel 18A belastingkwitansie verskyn.**

Abraham Kriel Bambanani wil graag aan ons donateurs volledige belastingkwitansies uitreik en sodoende verseker dat hulle wel die nodige belangsting voordele ontvang. Besoek gerus ons webtuiste vir meer inligting.

Or contact us on 011 839 3058 / info@abrahamkriel.org

*Skuilname word gebruik vir kinders jonger as 18 jaar.

# DANKIE VIR DIE GELEENTHEID **OM MY DROME TE BEWAARHEID**

Westbury is 'n ingewikkelde woonbuurt in die weste van Johannesburg, wat beskryf kan word as die episentrum van bendegeweld en 'n area om liefs te vermy wanneer 'n dwelmoorlog uitbreek. Abraham Kriel Bambanani (AKB) dien al 17 jaar in die gemeenskap van Westbury. Alhoewel ons 'n paar uitdagings in die omgewing gehad het, is ons trots om te sê dat ons 'n impak op die lewens van baie kinders en hul gesinne gemaak het.

Die negentienjarige Bernice (skuilnaam) is 'n boorling van Westbury en het soos baie ander begunstigdes versorging en ondersteuning by die Abraham Kriel Bambanani Westbury-kantore gevind. Sy is al deel van AKB vandat sy in graad 2 was en woon sedertien die afsterwe van haar mamma bykans 10 jaar gelede by haar oom en tante.

Bernice was een van die begunstigdes wat aktief aan program-inisiatiewe deelgeneem het. Sy het elke geleentheid wat aan haar gebied is, gebruik.
Deur harde werk en vasberadenheid matrikuleer sy in 2021 en is tans 'n tweedejaarstudent aan die Universiteit van Witwatersrand. Sy studeer vir 'n Baccalaureusgraad in Opvoedkunde (B.Ed.).

Bernice sê: "Om te studeer is vir my so 'n aangename ervaring. Ek bemeester al die studiemateriaal en dit gaan goed met my. Ek is dankbaar vir Abraham Kriel Bambanani en al die mense wat dit vir my moontlik maak om hier te wees. Ek weet my gesin sou dit nie kon bekostig om my verder te laat studeer nie. Hierdie geleentheid beteken dat ek my droom sal kan bewaarheid om 'n huis en'n motor te koop en na my gesin om te sien".

Bernice en baie ander soos sy, maak ons baie trots op die werk wat ons in die Westbury gemeenskap doen. Dit was juis die Westbury programme wat die ergste geraak is deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se aankondiging in 2023 dat befondsing aan nie regeringswelsynsorganisasies (NROs) gesny word. "Ons moes kantore skuif, dienste afskaal en personeel afdank. Wat ons egter die hartseer maak is die feit dat ons die aantal kinders wat in die program versorg kan word moes verminder" – Virginia Mutana – Maatskaplike werker: Westbury.

Virginia Mutana her verder gese dat daar baie kinders soos Bernice is, wat weens die inperking van fondse, nie bereik kan word nie en ook nooit deel van 'n suksesverhaal sal wees nie. Ons kan maar net hoop en bly glo dat ons weer eendag 'n groter impak op die gemeenskap van Westbury sal kan maak.



Ons is dankbaar vir die donateurs wat ons deur die goeie en slegte tye bygestaan het. As dit nie vir hulle was nie, het baie meer kinders hulself in ongewenste situasies bevind. DANKIE!

Bankbesonderhede:
Abraham Kriel Bambanani
Absa Bank. Rek: 140 941 336
Tak: 632005

Abraham Kriel Bambanani NPC

81

**PERSOONLIKE BESONDERHEDE**

Naam: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .
Posadres:: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .
Tel:. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Sel: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .
E-pos:. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Geboortedatum: . . . . . . . . . . . . . . .

**EK WIL GRAAG...**

Die e-nuusbrief ontvang . . . . . . . . . . . . . . . . ☐
'n Eenmalige bydrae maak. . . . . . . . . . . . . . . ☐

**DEBIETORDER INSTRUKSIES**

Rekeninghouer: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .
Rekening Nr: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .
**Tipe Rekening**
Lopende: ☐ Transmissie: ☐
Bank: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Tak: . . . . . . . . . . . . . . . . . .
Takkode: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .
10% jaarlikse verhoging gemagtig ☐ Ja ☐ Nee

**Belangrik:** Jou handtekening is nodig om aftrekkings te matig.

Handtekening

**MAANDELIKSE BYDRAE**

Ek onderneem 'n maandelikse bydrae van:
R100 ☐ R120 ☐ of meer ☐ R . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .
**Merk die toepaslike opsie:**
• Per geskeduleerde EFT (Selnommer as verwysing op die deposito): ☐
• Per direkte deposito: ☐
• Per debietorder: ☐
Onttrek asseblief R . . . . . . . . . . . . . op die . . . . . . . . . dag van 2024 en elke maand daarna om AbrahamKriel Bambanani te ondersteun.

*Skuilname word gebruik vir kinders jonger as 18 jaar.